

PAASVIERINGE: 18 TOT 21 April

Donderdag 18 April: Bybelse ete “Ek verlustig my in Hom”

Die Donderdagaand om 18:30 word ons in die kerksaal bederf met heerlike kosse uit die tyd van Christus. Kaartjies teen R35 is by die kerkkantoor beskikbaar. Ons trek gemaklik aan, maar aansluitend by die Bybelse tyd, vra ons dat almal met sandale sal kom.

Vrydag 19 April: Goeie Vrydag

Om 06:30 is daar 'n Kruisloop wat begin by die gemeenskapsaal. Christene van al die denominasies stap saam tot by die strandmeer. Almal is welkom. Langs die pad word telkens gestop en Jesus se kruiswoorde in herinnering geroep.

NAGMAALSDIENSTE

Hangklip: 09:00

Kleinmond : 08:00 en 10:00

Saterdag 20 April: Stil Saterdag

Ons gaan om 07:00 by Sewendestraat 45 bymekaarkom om stil saam te bid in die tuin. Bring jou eie stoel en koffie saam

Sondag 21 April

Ons vier Jesus Christus se oorwinning oor die dood en sy opstanding

Hangklip: 09:00

Kleinmond: 09:30



GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

April 2019

LYDENSTYD



“VERLUSTIG JOU IN HOM!” (Psalm 37:4)

Twee prosesies het Jerusalem binnegegaan op daardie Lente-dag in die Jaar 30. Dit was die afskop van die Week van Pase, die mees gewyde week op die Joodse kalender. Die een was 'n eenvoudige optog van eenvoudige mense, die ander 'n aanskoulike imperiale optog. Van die oostekant van die stad, van die Olyfberg se kant af, het Jesus op 'n donkie aangery gekom, terwyl Sy ondersteuners Hom toejuig. Jesus was afkomstig van Nasaret, 'n eenvoudige plattelandse dorpie, Sy volgelinge ewe eenvoudig en plattelands. Aan die oorkant van die stad, aan die westekant, was Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur oor Idumea, Judea en Samaria, besig om Jerusalem binne te kom aan die hoof van 'n kolom van perderuiters en voetsoldate. Jesus se optog het die koninkryk van God verklaar; Pilatus s'n die ryk van keiser Tiberius. Twee prosesies wat die konflik sou beliggaam van die week waarin Jesus gekruisig sou word.

Pilatus se optog was 'n demonstrasie nie net van Romeinse imperiale mag nie, maar ook van Romeinse imperiale teologie. Romeinse imperiale optogte was geen onbekende verskynsel in die Joodse hartland nie aangesien dit standaard praktyk was van die Romeinse goewerneurs in Judea om die hoof Joodse feeste by te woon - maar nie uit simpatie of agting vir die Jode se godsdienstige toewyding

nie, maar eerder om in die stad te wees ingeval daar moeilikheid uitbreek. En daarvan was daar genoeg op 'n gereelde basis... veral wanneer dit die Joodse Paasfees was, 'n fees waartydens hulle hul bevryding van die eertydse Egiptiese ryk gevier het.

Die missie van die troepe wat Pilatus vergesel het, was om die Romeinse garnisoen, wat in die Antonia Fort gestasioneer was, te versterk. Verbeel jou vir 'n oomblik die aankoms van die imperiale prosesie in die stad. 'n Visuele arsenaal van imperiale mag: perderuiters, voetsoldate, indrukwekkende wapenrustings, baniere, vergulde arende gemonteer op pale, sonlig wat weerkaats van goud en metaal. En klanke: marsjerende voete, krakende leer-uitrustings, tooms wat ratel, en die reëlmatige slae van tromme. Stof wat dwarrel. Die oë van die omstanders vasgenael op die prosesie, party nuuskierig, ander in verwondering, nog ander gegrief. Pilatus se optog het nie net imperiale mag vertoon nie, maar ook Romeinse imperiale teologie. In lyn met hierdie teologie was die keiser nie net die heerser oor die Romeinse ryk nie, maar ook die *Seun van God*. Vir Rome se Joodse onderdane het Pilatus se optog nie net 'n opponerende sosiale orde beliggaam nie maar ook 'n opponerende teologie!

Jesus se optog aan die oorkant van die stad.....

Geliefdes, **HEILIGE WEEK 2019** waarin ons die laaste week van Jesus se lewe wat uitgeloop het op Sy kruisiging, herdenk, lê om die draai. Ons het kosbare geleenthede op ons gemeente se kalender gekaart, en daarom nooi ons ieder en elk uit om hierdie jaar se *Heilige Week* vieringe en herdenkinge mee te maak. Kom beleef die voltooiing van die verhaal hierbo.

Die program vir die week is op die laaste bladsy.

Mag ons elkeen hierdie jaar weer terdeë onder die indruk kom van die grootsheid van Sy verlossingsplan, en mag ons ons daarin verlustig!
Seëngroete, dr. Chris Malan

Gebed

Jesus Losser,
wees ons genadig oor vandag en veral oor
gister
Wees ons genadig...
Dankie vir 'n vergeelde verlede.

Christus Gesalfde
lei ons in die onbekendheid van môre en
oormôre
Lei ons...
Dankie vir 'n geborge toekoms.

Immanuel, God by ons,
Sluit ons in van agter en van voor.
Sluit ons in...
Dankie vir U omhelsing – nou.

Piet Naudé

What is the longest word in the English language?

Smiles, because there is a “mile” between the first and the last letter.